(6) Indien iemand voldoen aan die vereistes waaraan enige besondere lener moes voldoen het om die betrokke behuisingslening te verkry, kan die raad met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee toestemming verleen vir die oorname deur so iemand van die belange en verpligtings van die lener ten opsigte van bedoelde lening en ten einde daaraan gevolg te gee, kan die raad toestem dat so iemand in die plek van die lener as verbandgewer ten opsigte van die bestaande verband gestel word, en die bepalinge van hierdie artikel met betrekking tot behuisingslenings is van toepassing ten opsigte van iemand wat aldus die belange en verpligtings van die lener oorgeneem het asof die lening oorspronklik aan hom toegestaan was.

(7) Indien die huurder van 'n woning wat deur die raad ingevolge subartikel (1) (a) verhuur word, versuim om die huurgeld wat deur hom betaalbaar is op die vervaldag te betaal, kan die raad —

(a) stappe doen om die bedrag van die verskuldigde huurgeld te verhaal deur aksie in 'n bevoegde hof;

(b) nadat sewe dae kennis gegee is per brief gelewer of aan die huurder persoonlik of aan 'n volwasse inwoner van die woning of per vooruitbetaalde aangetekende brief gerig aan die huurder by die plek waar die woning geleë is, deur middel van 'n beamppte wat skriftelik deur die raad gemagtig is en sonder dat 'n vonnis of bevel van die hof verkry is, die woning ten opsigte waarvan die huurgeld verskuldig is, betree en in besit neem.

(8) (a) Dit is 'n voorwaarde van elke lening wat ingevolge subartikel (1) aan iemand toegestaan word dat, al is die totale bedrag van die lening tesame met al die rente daarop terugbetaal en die verband wat bedoelde lening verseker het weens die terugbetaling gekanselleer, so iemand of sy regsopvolgers geen woning wat deur middel van sodanige lening opgerig of aangekoop is binne 'n tydperk bepaal ingevolge paragraaf (c) mag verkoop of andersins mag vervreem nie tensy die woning eers aan die raad te koop

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

have been granted to him, the amount of any further loan in terms of subsection (3) shall not exceed the difference between the housing loan granted and the loan which could have been granted, and such further loan shall be secured by a further mortgage bond in favour of the board over the land on which the dwelling concerned is constructed, and such further mortgage bond shall rank with the first bond over such land.

(6) If any person complies with the requirements with which any particular borrower would have had to comply to obtain the housing loan concerned the board may, with the approval of the Executive Committee, consent to the taking over by such person of the interests and liabilities of the borrower in respect of such loan and, in order to give effect thereto, may consent to the substitution for the borrower of such person as mortgagor in respect of the existing mortgage bond and the provisions of this section relating to housing loans shall apply in respect of any person who has so taken over the interests and liabilities of the borrower as if the loan had originally been granted to him.

(7) If the tenant of a dwelling leased by the board under subsection (1) (a) fails to pay the rental payable by him on the due date, the board may —

- (a) take steps to recover the amount of the rental due by action in a competent court;
- (b) after giving seven days' notice by letter delivered either to the tenant personally or to some adult inmate of the dwelling or by prepaid registered letter addressed to the tenant at the place where the dwelling is situated, by an officer authorized in writing by the board and without having obtained any judgement or order of the court, enter upon and take possession of the dwelling in respect of which the rental is owing.

(8) (a) It shall be a condition of every loan granted to in terms of subsection (1) to any person, that, notwithstanding the fact that the total amount of the loan, together with all interest thereon, has been repaid and that the mortgage bond which secured such loan has been cancelled by reason of such repayment, such person or his successors in title shall not sell or otherwise alienate any dwelling constructed or purchased by means of such loan within a period fixed in terms of paragraph (c) unless such dwelling has first been offered for sale to the

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR
BUTTESTEDELIKE ONTWIKKELING, 10 VAN 1972.**

aangebied is teen 'n prys bepaal ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (d).

(b) So 'n aanbod moet skriftelik geskied en die raad moet dit binne sestig dae na ontvangs aanneem of verwerp.

(c) Die tydperk bedoel in paragraaf (a) begin op die datum van die registrasie van die betrokke verband en word bereken op die basis van een kwart van die tydperk waarin die lening toegestaan ingevolge subartikel (1) terugbetaal moet word: Met dien verstande dat 'n kwart van 'n jaar beskou word as drie kalendermaande: Met dien verstande voorts dat as die tydperk waarin die betrokke lening terugbetaal moet word ingevolge die voorwaardes van 'n behuisingskema verleng of verkort word, die tydperk bedoel in paragraaf (a) ingevolge genoemde basis verleng of verkort moet word.

(d) Die prys bedoel in paragraaf (a) word bepaal alvorens enige bedrag van die lening aan die verbandskuldenaar uitbetaal word en moet wees die werklike koste van die grond wat sodanige verband verseker en 'n bedrag, soos deur die raad en die verbandskuldenaar ooreengekom, wat die waarde verteenwoordig van die permanente verbeterings wat op sodanige grond opgerig is of opgerig staan te word: Met dien verstande dat as daar enige permanente verbeterings aangebring word wat nie ten tye van die bepaling van sodanige prys in berekening gebring is nie, die waarde van sodanige verbeterings soos bepaal deur 'n waardeerder van die raad, min sodanige waardevermindering van hoogstens vyf persent per jaar soos deur bedoelde waardeerder bepaal, bygevoeg moet word by die oorspronklike bepaalde prys en sodanige nuwe prys is die prys soos bedoel in paragraaf (a).

(e) Die raad moet enige woning wat hy ingevolge hierdie subartikel aangekoop het, ooreenkomstig subartikel (1) verhuur of verkoop, tensy die Uitvoerende Komitee anders bepaal.

(f) Die Uitvoerende Komitee kan te eniger tyd in oorleg met die raad vrystelling van die bepalings van paragraaf (a) verleen ten opsigte van enige woning waarop die bepalings van daardie paragraaf van toepassing is.

(g) Die Registrateur van Aktes moet op versoek van die raad —

(i) die endossemente op die titelbewys van 'n woning maak en die inskrywings in sy registers maak wat nodig is om aan te dui dat die bepalings van paragraaf (a) ten opsigte van sodanige woning van toepassing is; en

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

board at a price determined in accordance with the provisions of paragraph (d).

(b) Any such offer shall be made in writing and shall be accepted or rejected by the board within sixty days after receipt thereof.

(c) The period referred to in paragraph (a) shall commence on the date of registration of the mortgage bond concerned and shall be calculated on the basis of one quarter of the period within which the loan granted in terms of subsection (1) is to be repaid: Provided that a quarter of a year shall be regarded as three calendar months: Provided further that if the period within which the loan in question is to be repaid is increased or decreased in terms of the conditions of any housing scheme, the period referred to in paragraph (a) shall be increased or decreased in terms of the said basis.

(d) The price referred to in paragraph (a) shall be determined before any amount of the loan is paid out to the mortgagor and shall be the actual cost of the land which secures such bond and an amount, agreed upon between the board and the mortgagor, representing the value of the permanent improvements erected or to be erected on such land: Provided that if any permanent improvements are effected which were not taken into account at the time of the determination of such price, the value of such improvements as determined by a valuer of the board less such depreciation of value not exceeding five per cent per year as determined by the said valuer, shall be added to the price determined originally and such new price shall be the price referred to in paragraph (a).

(e) Any dwelling purchased by the board in terms of this subsection shall be let or sold by the board in terms of subsection (1) unless the Executive Committee determines otherwise.

(f) The Executive Committee may at any time in consultation with the board, grant exemption from the provisions of paragraph (a) in respect of any dwelling to which the provisions of that paragraph apply.

(g) The Registrar of Deeds shall, at the request of the board —

(i) make such endorsements on the title deeds of any dwelling and such entries in his registers as may be necessary to indicate that the provisions of paragraph (a) apply in respect of such dwelling; and

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR
BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 10 VAN 1972.

- (ii) enige sodanige endossemente en in-skrywings kanselleer waar vrystelling ingevolge paragraaf (f) ten opsigte van 'n woning verleen is, of waar die sekretaris 'n sertifikaat ingedien het dat 'n woning ingevolge paragraaf (a) te koop aangebied is en dat die aanbod verwerp is.
- (h) 'n Woning waarvoor die voorwaarde genoem in paragraaf (a) geld, mag net aan die raad oorgedra word tensy die sekretaris 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes indien dat sodanige woning ingevolge die genoemde paragraaf te koop aangebied is en dat die aanbod verwerp is.
- (9) (a) Indien die raad 'n behuisingskema ingevolge hierdie artikel in 'n buitestedelike gebied instel en uitvoer moet hy vir daardie buitestedelike gebied 'n fonds instel wat heet die eBhuisingsfonds.
- (b) Die raad moet die onderstaande gelde in die rekening van die Behuisingsfonds ingestel vir 'n buitestedelike gebied inbetaal: —
 - (i) enige lening wat die raad na die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel aangegaan het vir die doel van 'n behuisingskema in daardie buitestedelike gebied ingevolge hierdie artikel;
 - (ii) die huurgeld en rente daarop, as daar is, van enige woning in daardie buitestedelike gebied wat ingevolge hierdie artikel verhuur word;
 - (iii) die paaielemente ten opsigte van die terugbetaling van enige lening wat toegestaan is vir die oprigting in daardie buitestedelike gebied van enige woning ingevolge hierdie artikel en enige rente daarop;
 - (iv) enige betaling bo enige paaielemente bedoel in subparagraaf (iii) insluitende die volopbetaling van enige balans op enige lening wat soos voormeld toegestaan is tesame met rente daarop;
 - (v) die bedrag verkry uit die verkoop van enige woning in daardie buitestedelike gebied ingevolge subartikel (8) (e);
 - (vi) die rente op die belegging van enige gelde in die Behuisingsfonds ingestel vir daardie buitestedelike gebied.
- (c) Die raad kan die gelde in die Behuisingsfonds ingestel vir 'n buitestedelike gebied gebruik vir —

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

(ii) cancel any such endorsements and entries where an exemption has been granted in terms of paragraph (f) in respect of a dwelling, or where the secretary has submitted a certificate that a dwelling has been offered for sale in terms of paragraph (a) and that the offer had been rejected.

(h) A dwelling to which the condition mentioned in paragraph (a) applies, shall be transferred only to the board, unless the secretary submits to the Registrar of Deeds a certificate that such dwelling has in terms of the said paragraph been offered for sale and that the offer had been rejected.

(9) (a) If the board establishes and carries out a housing scheme in a peri-urban area in terms of this section he shall establish a fund to be known as the Housing Fund for that peri-urban area.

(b) The board shall pay the following moneys into the account of the Housing Fund established for a peri-urban area —

(i) any loan raised by the board after the date of commencement of this section, for the purposes of a housing scheme in that peri-urban area in terms of this section;

(ii) the rental and interest, if any, thereon, of any dwelling in that peri-urban area let in terms of this section;

(iii) the instalments in respect of the repayment of any loan granted for the purpose of the construction in that peri-urban area of any dwelling in terms of this section and any interest thereon;

(iv) any payment in excess of any instalment referred to in subparagraph (iii) including the payment in full of any balance on any loan granted as aforesaid together with interest thereon;

(v) the amount realized from the sale of any dwelling in that peri-urban area in terms of subsection (8) (e);

(vi) the interest on the investment of any moneys in the Housing Fund established for that peri-urban area.

(c) The board may use the moneys in the Housing Fund established for a peri-urban area for —

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR
BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 10 VAN 1972.

- (i) die oprigting in daardie buitestedelike gebied van enige woning ingevolge hierdie artikel;
 - (ii) enige lening vir die oprigting of aankoop van 'n woning in daardie buitestedelike gebied ingevolge hierdie artikel;
 - (iii) die aankoop van enige woning in daardie buitestedelike gebied ingevolge subartikel (1) (a) of subartikel (8);
 - (iv) die delging van enige lening aangegaan vir die doel van enige behuisingskema wat ingevolge hierdie artikel in daardie buitestedelike gebied uitgevoer word en die rente daarop;
 - (v) die instandhouding van enige woning wat ingevolge hierdie artikel in daardie buitestedelike gebied verhuur word;
 - (vi) met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, enige koste aangegaan in verband met enige behuisingskema wat ingevolge hierdie artikel in daardie buitestedelike gebied uitgevoer word.
- (d) Enige gelde in die Behuisingsfonds ingestel vir 'n buitestedelike gebied, wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, kan belê word soos bepaal in artikel 14.
- (10) In hierdie artikel, tensy uit die samehang anders blyk —
- omvat „oprig” verander, vergroot, herbou, herstel of ombou en het „oprigting” 'n ooreenstemmende betekenis;
- beteken „woning” 'n gebou wat, nadat dit opgerig, omgebou of vergroot is, hoogstens vyf woonkamers het met 'n kombuis en die gewone bybehore, buitegeboue, heinings en permanente voorsiening vir verligting, watertoevoer, dreinerings en riolering, en sluit dit die terrein van sodanige woning in.
- (11) (a) Die Uitvoerende Komitee kan enige regulasies wat hy nodig of dienstig ag, maak ter bereiking van die doelstellings van hierdie artikel.
- (b) Enige regulasie gemaak ingevolge paragraaf (a) kan vir enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen strawwe voorskryf wat nie 'n boete van tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande oorskry nie.”

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

- (i) the construction in that peri-urban area of any dwelling in terms of this section;
- (ii) any loan for the construction or purchase in that peri-urban area of a dwelling in terms of this section;
- (iii) the purchase of any dwelling in that peri-urban area in terms of subsection (1) (a) or subsection (8);
- (iv) the redemption of any loan raised for the purpose of any housing scheme carried on in that peri-urban area in terms of this section and the interest thereon;
- (v) the maintenance of any dwelling let in that peri-urban area in terms of this section;
- (vi) with the approval of the Executive Committee, any costs incurred in connection with any housing scheme carried out in that peri-urban area in terms of this section.

(d) Any moneys in the Housing Fund established for a peri-urban area which are not required for immediate use may be invested as provided in section 14.

(10) In this section, unless inconsistent with the context —

“construct” includes alter, enlarge, reconstruct, repair or adapt and “construction” has a corresponding meaning;

“dwelling” means a building which after construction, adaptation or enlargement contains not more than five living rooms with a kitchen and the usual appurtenances, out-buildings, fences and permanent provisions for lighting, water supply, drainage and sewerage and includes the site of such dwelling.

(11) (a) The Executive Committee may make any regulations which it deems necessary or expedient in order to achieve the objects of this section.

(b) Any regulation made under paragraph (a) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, not exceeding a fine of two hundred rand or imprisonment for a period of six months.”.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR
BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 10 VAN 1972.

Wysiging van
artikel 39 van
Ordonnansie 19 van
1970.

9. Artikel 39 (1) van die Hoofordonnansie word hier-
by gewysig deur die volgende paragrawe by te voeg:

„(j) uit die inkomste of geld wat aan hom toe-
gewys is, uitgawes aangaan in verband met —

- (i) verteenwoordiging van die raad by enige konferensie oor sake betreffende plaaslike bestuur;
- (ii) enige afvaardiging in verband met die raad se werksaamhede wat deur die raad aange-
stel is of waarin die raad verteenwoordig
is;
- (iii) die verskaffing van 'n krans by die be-
grafnis van iemand wat ten tyde van sy
dood 'n lid van die raad of 'n beampte of
werknemer van die raad was;
- (iv) ledegelde aan verenigings waarvan die raad
lid is of waarby die raad geaffilieer is;
- (k) uit die inkomste of geld wat aan hom toege-
wys is, toekennings of skenkings maak
aan —
 - (i) enige liefdadigheidsinrigting of organisasie
van 'n nie-sektariese aard, hetsy binne of
buite enige buitestedelike gebied maar wel
in die Gebied;
 - (ii) enige persoon, vereniging of groep persone
wat in enige buitestedelike gebied liefdadig-
heidsbelange, openbare belange, volkswel-
syn, sport en sportbelange, opvoedkundige
bedrywighede en vierings van 'n nasionale
aard bevorder of daarmee behulpzaam is;
 - (iii) enige inrigting buite enige buitestedelike
gebied maar binne die Gebied of die Repu-
bliek van Suid-Afrika vir opvoedkundige
doeleindes;
 - (iv) enige nasionale of openbare organisasie of
inrigting of vir enige nasionale of openbare
doel hetsy binne of buite enige buitestede-
like gebied, maar in die Gebied;
 - (v) enige openbare biblioteek, openbare mu-
seum, openbare kunsgalery, diere- of bota-
niese tuin, of landbouvereniging binne enige
buitestedelike gebied;
 - (vi) enige organisasie met die doel om perma-
nente verbeterings aan te bring aan on-
roerende eiendom wat die raad aan sodanige
organisasie verhuur of wat aan sodanige
organisasie behoort ooreenkomstig 'n terug-
valbepaling waaringevolge die eiendomsreg
daarop aan die raad terugval as en wanneer
sodanige eiendom nie meer vir die doel-
eindes van sodanige organisasie gebruik
word nie;
 - (vii) enige ander organisasie of liggaam wat
vooraf deur die Uitvoerende Komitee goed-
gekeur is;
- (l) onderhewig aan die goedkeuring van die Uit-
voerende Komitee, uit die inkomste of geld wat
aan hom toegewys is voorskotte of lenings toe-
ken aan —

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

9. Section 39 (1) of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following paragraphs:

Amendment of
section 39 of
Ordinance 19 of
1970.

“(j) incur expenditure from revenue or moneys allocated to it, in connection with —

- (i) the representation of the board at any conference relating to local government matters;
- (ii) any deputation in connection with the activities of the board, appointed by the board or on which the board is represented;
- (iii) a wreath at the funeral of a person who at the time of his death was a member of the board or an officer or employee of the board;
- (iv) subscriptions to associations of which the board is a member or to which the board is affiliated;
- (k) from revenue or moneys allocated to it, make grants or donations to —

- (i) any benevolent institution or organisation of an undenominational character, whether within or without any peri-urban area but in the Territory;
- (ii) any person, society or group of persons who, within any peri-urban area promotes or assists in promoting charitable interests, public interests, public welfare, sport and sporting interests, educational activities and celebrations of a national character;
- (iii) any institution outside any peri-urban area but within the Territory or the Republic of South Africa, for educational purposes;
- (iv) any national or public organisation or institution or for any national or public purpose whether within or outside any peri-urban area but in the Territory;
- (v) any public library, public museum, public art gallery, zoological or botanical garden or agricultural society within any peri-urban area;
- (vi) any organisation for the purpose of effecting permanent improvements to immovable property let by the board to such organisation or owned by such organisation under a reversionary clause providing that ownership thereof shall revert to the board if and when such property is no longer used for the purposes of such organisation;
- (vii) any other organisation or body previously approved by the Executive Committee;

(l) Subject to the approval of the Executive Committee, from revenue or moneys allocated to it, grant advances or loans to —

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR
BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 10 VAN 1972.**

- (i) enige organisasie met die doel om permanente verbeterings aan te bring aan onroerende eiendom wat die raad aan sodanige organisasie verhuur of wat aan sodanige organisasie behoort ooreenkomstig 'n terugvalbepaling waaringevolge die eiendomsreg daarop aan die raad terugval as en wanneer sodanige eiendom nie meer vir die doeleindes van sodanige organisasie gebruik word nie;
- (ii) enige kerkdenominasie vir die bou van 'n kerk as die bestaande kerk na 'n goedgekeurde woongebied verskuif word;
- (iii) enige beampte of werknemer van die raad om spesiale gereedskap of spesiale instrumente aan te skaf vir gebruik deur sodanige beampte of werknemer in die uitvoering van sy pligte, hetsy geheel of deels;
- (m) onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, uit die inkomste of geld wat aan hom toegewys is, aan enige beampte of werknemer van die raad wat sy eie motorvoertuig gebruik ter nakoming van sy pligte, 'n vervoertoelae teen 'n tarief soos van tyd tot tyd deur die raad met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee bepaal, betaal ten opsigte van die afstand wat die bedoelde voertuig aldus gebruik is;
- (n) onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee uit die inkomste of geld wat aan hom toegewys is lenings toeken aan enige beampte of werknemer van die raad om hom in staat te stel om grond aan te skaf en 'n woning daarop op te rig of om 'n woning aan te skaf of om 'n bedrag terug te betaal wat op 'n reeds aangeskafte woning verskuldig is of om verbeterings aan enige so 'n woning aan te bring: Met dien verstande dat die bepalinge van artikel 34A (2), (3), (4), (5), (6), (8), (10) en (11) *mutatis mutandis* van toepassing is waar 'n lening ingevolge hierdie paragraaf toegestaan is;
- (o) enige enkele bedrag van hoogstens twintig rand wat aan die raad verskuldig is, en, met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee enige bedrag groter as twintig rand wat aldus verskuldig is, afskryf."

Wysiging van
artikel 40 van
Ordonnansie 19
van 1970.

10. Artikel 40 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur al die woorde wat subartikel (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Die Uitvoerende Komitee kan regulasies maak, wysig en intrek vir enige doeleindes in hierdie ordonnansie vermeld en ten opsigte van enige van of al die aangeleenthede hieronder genoem en enige sodanige regulasies kan met terugwerkende krag vanaf 'n datum wat nie vroeër is nie as die datum van inwerkingtreding van hierdie ordonnansie gemaak, gewysig of ingetrek word:";

- (b) deur subartikel (28) deur die volgende subartikel te vervang:

„Krematoriums. (28) die reëling van die funksionering van krematoriums onder bestuur en beheer van die raad, verrassings daarin en die voorskrywing van gelde wat in ver-

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

- (i) any organisation for the purpose of effecting permanent improvements to immovable property let by the board to such organisation or owned by such organisation under a reversionary clause providing that ownership thereof shall revert to the board if and when such property is no longer used for the purposes of such organisation;
- (ii) any church denomination for the building of a church if the existing church is moved to an approved residential area;
- (iii) any officer or employee of the board to acquire special tools or special instruments for use by such official or employee in the discharge, whether wholly or in part, of his duties;
- (m) subject to the approval of the Executive Committee, from the revenue or moneys allocated to it, pay a locomotion allowance at a tariff determined from time to time by the board with the approval of the Executive Committee, to any officer or employee of the board who uses his own motor vehicle in the discharge of his duties, in respect of the mileage that vehicle is so used;
- (n) subject to the approval of the Executive Committee, from revenue or moneys allocated to it grant loans to any officer or employee of the board to enable him to acquire land and to erect a dwelling thereon or to acquire a dwelling or to repay an amount owing on a dwelling already acquired or to effect improvements to any such dwelling: Provided that the provisions of section 34A (2), (3), (4), (5), (6), (8), (10) and (11) shall *mutatis mutandis* be applicable where a loan has been granted in terms of this paragraph;
- (o) write off any one amount not exceeding twenty rand owing to the board and, with the approval of the Executive Committee, any amount exceeding twenty rand so owing."

10. Section 40 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of
section 40 of
Ordinance 19 of
1970.

- (a) by the substitution for all the words preceding subsection (1) of the following words:

"The Executive Committee may make, amend and revoke regulations for any purpose mentioned in this ordinance and in respect of any or all the matters mentioned hereunder and any such regulations may be made, amended or revoked with retrospective effect from a date not earlier than the date of coming into operation of this ordinance:"

- (b) by the substitution for subsection (28) of the following subsection:

"Crematoria.

(28) regulating the functioning of crematoria under the management and control of the board, cremations performed therein and the prescribing of charges to

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP DIE RAAD VIR
BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 10 VAN 1972.**

band daarmee gehêf moet word: Met dien verstande dat sodanige regulasies nie strydig of onbestaanbaar met die bepalings van die Ordonnansie op Krematoriums, 1971 (Ordonnansie 6 van 1971), of enige regulasies daarkragtens uitgevaardig en van krag, mag wees nie;"

(c) deur subartikel (29) te skrap;

(d) deur die volgende subartikel na subartikel (31) in te voeg:

„Onroerende
eiendom.

(31) A. die inkorting van, of beperking op, die gebruik van enige onroerende eiendom geleë in enige buitestedelike gebied vir die doeleindes wat bepaal word: Met dien verstande dat geen sodanige inkortings of beperkings strydig mag wees met enige voorwaardes, inkortings of beperkings ingevolge die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) en die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) opgelê nie;"

(e) deur paragraaf (b) van subartikel (51) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) die reëling van, beheer oor, registrasie en lisensiëring van fietse —

(i) wat nie deur meganiese krag voortbeweeg word nie;

(ii) wat twee of meer wiele het; en

(iii) wat 'n raamgrootte van meer as vyf-en-veertig sentimeter het of waarvan enige wiel, met die buiteband 'n wieldeursnee van meer as dertig sentimeter het;" en

(f) deur subartikel (54) deur die volgende subartikels te vervang:

„Wyse waarop
invorderings
en betalings
gemaak word.

(54) die wyse waarop belastings, gelde, aanslae, heffings, deposito's, lisensiegelde, rente op laat betalings en ander inkomste deur die raad ingevorder moet word en die wyse waarop hulle betaal moet word, en wat die pligte en maatreëls bepaal wat die raad in verband daarmee moet nakom en tref;

Algemeen.

(55) oor die algemeen, en benewens die aangeleenthede en dinge in hierdie artikel vermeld, enige ander aangeleentheid of ding wat na die mening van die Uitvoerende Komitee nodig of dienstig is sodat die raad die bevoegdhede of pligte wat by hierdie ordonnansie of die regulasies aan hom verleen of op hom gelê is, behoorlik kan uitoefen of vervul."

Herroeping van
artikel 45 van
Ordonnansie 19
van 1970.

11. Artikel 45 van die Hoofordonnansie word hierby herroep.

Kort titel.

12. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1972.

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT
ORDINANCE, 10 OF 1972.

be levied in connection therewith: Provided that such regulations shall not be in conflict with or repugnant to the provisions of the Crematorium Ordinance, 1971 (Ordinance 6 of 1971), or any regulations made and in force thereunder;";

(c) by the deletion of subsection (29);

(d) by the insertion of the following subsection after subsection (31):

"Immovable
property.

(31)A. restricting or limiting the use of any immovable property situate within any peri-urban area for the purposes specified: Provided that no such restrictions or limitations shall be in conflict with any conditions, restrictions or limitations imposed in terms of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928), or the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963);";

(e) by the substitution for paragraph (b) of subsection (51) of the following paragraph:

"(b) regulating, controlling, registering and licensing cycles —

(i) not being propelled by mechanical power;

(ii) having two or more wheels; and

(iii) having a frame size exceeding forty-five centimetres or any wheel of which has, with the tyre, a wheel diameter exceeding thirty centimetres;"; and

(f) by the substitution for subsection (54) of the following subsections:

"Manner in
which collections
and payments
shall be made.

(54) the manner of collection and payment of rates, fees, charges, and taxes, deposits, licence fees, interests on late payments and other revenue by the board and the manner in which the same shall be paid and defining the duties of and measures to be observed and taken by the board in regard thereto;

General.

(55) generally and in addition to the matters and things mentioned in this section, any other matter or thing which in the opinion of the Executive Committee is necessary or expedient for the proper exercise or performance by the board of the powers or duties conferred or imposed upon it by this ordinance or the regulations."

11. Section 45 of the principal Ordinance is hereby repealed.

Repeal of section
45 of Ordinance 19
of 1970.

12. This Ordinance shall be called the Peri-Urban Development Board Amendment Ordinance, 1972.

Short title.